**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2020**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1 Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE afdelings** :

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A** | **: LETTERKUNDE** | **(50)** |
| **AFDELING B** | **: STELWERK** | **(50)** |

2 Skryf in die taal wat geassesseer word.

3 Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4 Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5 Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6 Beplan jou tyd só: **AFDELING A: 60 minute**
**AFDELING B: 60 minute**

7 Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

8 Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9 Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

10 Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11 Skryf netjies en leesbaar.

12 Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A: LETTERKUNDE**

**VRAAG 1: NOG IEMAND VIR PYNAPPEL OP PIZZA?**

**Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**




Tiaan stoot sy stoel vinnig agteruit en staan op.

" Ek wil nie hier wees nie, Ma! Dis wat!"

Hy swaai om en stap voordeur toe. Hy wil nie sy ma se bekommerde oë sien nie. Hy wil nie verduidelik dat hy nie kans sien om weer van voor af te begin nie.

By die voordeur sukkel hy met die sekuriteitshek se slot.

"Flippit!" In hierdie land kan 'n mens nie eens by die deur uitstorm en dit toeklap as jy kwaad is nie, dink hy vies.

Teen die tyd dat al die slotte oop-en weer toegesluit is, is die woede weg.

Tiaan bly op die trappie staan. Miskien moet hy maar die natuurwetenskapboek gaan leen. Hy is nou buite.

Hy vroetel in sy skoolbroek se sak vir die stuk papier wat Suzanne ná skool vir hom gegee het. "Dis my adres," het sy gesê,"kom sommer enige tyd vanmiddag of môre".

Welgelegenstraat 105. Hy ken nie eens die dorp nie, hoe moet hy weet waar dit is.

1.1. Kies die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.

1.1.1. Tiaan wil nie sy ma se (woedende/ bekommerde/verveelde) oë sien nie. 1

***1.2. Suzanne en Tiaan luister na 'n CD.***

1.2.1. Wat was die naam van die CD waarna hulle geluister het ? 1

1.2.2. Waarvandaan kom die CD? 1

1.3. Waar woon Suzanne? Skryf haar adres neer. 1

1.4. Watter boek gaan Tiaan by Suzanne leen? 1

1.5. Watter liedjie word op die klavier gespeel? 1

1.6. Pas die stelling in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1. Richard | A. het pers hare |
| 1.6.2. Tiaan | B. het blonde hare |
| 1.6.3. Riami | C. speel die klavier |
| 1.6.4. Suzanne | D. speel die kitaar |
| | E speel die viool |

4

1.7. Watter soort sport doen Richard? 1

1.8. Wat wys Suzanne vir Tiaan in die motorhuis? 1

1.9. Hoe oud moet sy wees om dit in (1.8.) te gebruik? ( Skryf net die ouderdom neer) 1

**[13]**

**VRAAG 2: VALENTYNSDAG**

**Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

“Pa, kan ons asseblief vroeg skool toe gaan?” vra Phumi. Op pad skool toe staar Phumi by die venster uit, met ‘n dromerige glimlag op haar mond.

“Phumi is verlief!” lag haar boetie. Phumi bloos bloedrooi. “ Is nie!” sê sy en klim gou uit die motor uit. Sy waai tot siens vir haar pa en hardloop klaskamer toe. Daar is nog niemand daar nie. Sy glip die kamer binne en sit haar kaartjie binne-in Lethu se bank.

Niemand sien haar nie - behalwe Kheta. Hy kruip skelm agter die deur weg en loer na haar. Sodra sy weg is, gaan hy die kamer binne. Wanneer hy uitkom, glimlag hy van oor tot oor.



Die klok lui en almal gaan die klaskamer in. Mev. Pitt, die onderwyseres, gaan na haar tafel toe en almal groet mekaar. Lethu maak sy lessenaar oop en sien die pienk kaartjie. Daar is ‘n dosie sjokolade daar bo. Phumi is geskok- SY het nie sjokolade daar gesit nie! Terwyl niemand kyk nie, haal Lethu ‘n sjokolade uit en neem ‘n GROOT hap.



“ Sies!” SKREE HY. “ Dit is nie sjokolade nie, dis modder!”

Almal is doodstil. Niemand waag dit om te lag nie.

“Goed, wie het die poets op my gebak?” vra Lethu woedend vir die klas. Niemand roer ‘n vinger nie. Phumi is amper in trane. Wie sou so ‘n aaklige ding doen?

2.1**. Dit is ‘n spesiale dag.**

2.1.1. Wat word hierdie spesiale dag genoem? 1

2.1.2 Op watter datum vind hierdie dag plaas? (Dag en maand) 2

2.1.3. Waarheen gaan Phumi daardie oggend? 1

2.1.4. Waarom wil sy vroeg na (2.1.3.) gaan? 1

2.1.5. Wie is Phumi se klasonderwyseres? Gee haar van. 1

2.2. Die volgende stellings is ONWAAR. Gee ‘n rede vir jou antwoord.

2.2.1. Phumi sit sjokolade in Kheta se bank. 1

2.2.2. Mara is so mooi soos ‘n model. 1

2.2.3. Al die kinders lag vir Lethu. 1

**2.3. Kheta het ‘n poets op Lethu gebak.** 1

2.3.1. Stem jy saam die bogenoemde stelling? Sê JA of NEE. 1

2.3.2. Gee ‘n rede vir jou antwoord. 1

**[12]**

## VRAAG 3: ‘N ROOIE MET RATTE, PA

**Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**


“ ‘n Rooie met ratte, Pa! Soos Karel s’n. “Dis al wat hy nie van Karel gehou het nie. Karel het ‘n rooi fiets gehad, met ratte net soos ‘n regte resiesfiets en dun, vinnige wiele en krom handvatsels. Karel het niks verstaan van priemgetalle nie en hy’t nie geweet waar in die wêreld Groenland was nie, maar hy het wel ‘n rooi fiets gehad.

“ So ‘n fiets kos baie geld,” het sy pa gesê. En sy pa het nie gelag toe hy dit sê nie. Sy pa wou nog iets sê, maar Freddie was al in die kombuis by sy ma. Hy het sy arms om haar lyf gegooi en opgewonde uitgeroep: “Ma, ek gaan ‘n fiets kry! ‘n Rooie met ratte nes Karel s’n!”

Sy ma het gelag en Freddie het glad nie gesien hoe sy oor sy kop na sy pa gekyk het nie.

“ Waar gaan ons hom sit,pa? Kan ek hom langs my bed laat staan?”

Toe lag sy pa weer. “Jy het hom nog nie eens nie!” het sy pa gesê. “Dis nog ‘n week voor jou verjaarsdag.”



Freddie kon nie wag nie. By die skool het hy vir Karel niks van die fiets gesê nie. Hy het hom selfs gehelp met die wiskunde en speeltyd het hy vir hom ‘n prentjie in die sand geteken en presies verduidelik waar lê Groenland. Karel kon nie verstaan dat Freddie nie eens ‘n draai op sy fiets wou ry in ruil daarvoor nie.

“ Het Pa al die fiets gekoop?” het hy die dag voor sy verjaarsdag vir sy pa gevra.

“ Jy sal maar moet wag en kyk,” het sy pa gesê.

“ Pa moet onthou ek verjaar more!”



3.1.1.Wat het Freddie een Kersfees gekry? Noem twee dinge. 2

3.1.2. Wat het hy daarmee gebou? 1

3.2. Die volgende stellings is ONWAAR. Haal uit die teks aan om dit te bewys.

3.2.1. Karel het ‘n swart fiets gehad. 1

3.2.2. Karel is ‘n slim seun. 1

3.2.3. Freddie se ouers is baie ryk. 1

3.3. Kies die korrekte antwoord, Skryf net die nommer en die letter neer.

3.3.1. Met watter twee skoolvakke sukkel Karel op skool?

A. Geskiedenis en Wiskunde
B. Aardrykskunde en Wiskunde
C Wetenskap en Wiskunde 1

3.4.Hoe lyk die fiets wat Freddie vir sy verjaardag gekry het? Noem twee dinge. 2

3.5. Hoe het Freddie oor sy nuwe fiets gevoel? 1

3.6. Waarna verwys die titel van die verhaal? 1

3.7. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar neer in die korrekte **VOLGORDE:**

- Freddie se fiets was gesteel
- Freddie help vir Karel met skoolwerk
- Freddie verjaar gedurende die naweek.
- Freddie wil graag ‘n fiets hê 4

**[15]**

**VRAAG 4 : LITERêRE ASPEKTE**

## Kindergebed

(*Vir De Wet en Adriaan)*




1 Ek is 'n kindjie klein
2 Jesus maak my hartjie rein
3 maak my albasters baie word
4 'n klomp meer tjipse op my bord
5 maak Ma nie meer spinasie kook
6 en sommer kool en wortels ook
7 maak Pa vir my 'n storie lees
8 Wolf en Jakkals, nie Bosegees






9 Maak ou Freek se been weer heel
10 lat hy weer tol met my kan speel
11 maak my nie meer my bed
12 natmaak
13 nou's ek vaak
14 Amen.
15 EKSKUUS?
16 'seblief!

***Peet Neethling***

4.1. Hoeveel strofes is daar in hierdie gedig? 1

4.2. Uit hoeveel versreëls bestaan elke strofe? 1

4.3. Wat noem ons die tipe strofes wat ons in strofe 1 en 2 vind? 1

4.4. Elke reël 1 en 2 rym met mekaar. Wat noem ons daardie tipe rymskema? 1

4.5. Gee een voorbeeld van alliterasie in strofe 1 en 2. 2

4.6. Gee 'n voorbeeld van assonansie in strofe 2. 1

4.7. "EKSKUUS?" Verduidelik hoe die spreker hierdie woorde beklemtoon. 2

4.8. Wie is die digter van die gedig? Gee sy naam. 1

**[10]**

**TOTAAL: AFDELING A: [50]**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 1 :**

- Kies EEN onderwerp en skryf **120 tot 150** woorde daaroor
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Wys jou beplanning (**kopkaart, beplanning en finale poging**).
- Skryf die **getal woorde** wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

**1.1. ‘N VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het ‘n advertensie in die Huisgenoot oor penmaats gesien. Jy wil graag ‘n penmaat hê. Skryf nou ‘n brief aan hierdie penmaat waarin jy hom/ haar ‘n bietjie meer van jouself vertel.

Noem die volgende:

- Jou naam en van
- Waar en wanneer jy gebore is
- Jou lengte (height)
- Jou gewig (weight)
- Jou oogkleur en haarkleur
- Hoeveel broers en susters jy het en hulle ouderdomme
- Na watter skool jy gaan
- Aan watter (sport) aktiwiteite jy deelneem
- Jou stokperdjies en belangstellings.




**[30]**

- Skryf die **getal woorde** wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

## KORT TRANSAKSIONELE TEKS




## VRAAG 2:

### 2.1. POSKAART

- Kies EEN onderwerp en skryf **80 tot 100** woorde daaroor
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Wys jou beplanning (**kopkaart, beplanning en finale poging**).




**Teken die poskaart hieronder op jou antwoordstel oor en voltooi dit**.




Jou vriend/in het jou genooi om saam met hulle vakansie te gaan hou. Skryf 'n poskaart inskrywing aan jou ouers waarin jy hulle van jou vakansie op die strand vertel .
Jy moet oor die volgende skryf:

- Waarheen jy gegaan het.
- Wat jy alles gedoen het
- Hoe jy dit geniet het

- Skryf die **getal woorde** wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

**[20]**

**TOTAAL: AFDELING B: [50]**

**SOMTOTAAL: [100]**